Nuwe Lied Bediening

Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprysing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua, dié Gesalfde Een, die boodskap van יהוה-God is wat vlees geword het! Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende 'man hu' wat uit die hemel gestuur is en יהוה se Torah vervolmaak het. Sonder die Afgesonderde Gees wat in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!! **Yeshua is die hart van die Vader!!**

Parashah 43: Masei – Reistogte

Dit is die reise van die seuns van Yisra'el wat uit Mitzrayim uitgetrek het volgens hulle leërafdelings, onder die leierskap van Mosheh en Aharon. Num. 23:1[1]

Torah: Num. 33:1 tot 36:13.

Haftorah: Jeremia 2:4 tot 28 en 3:4**.**

Nuwe Verbond: Hebr. 11:13; Rom. 8:13; Rom. 13:14; 2Kor. 5:20; 2 Kor. 7:1; Gal. 5:16-17; Efes. 4:1; 2Tim. 2:22; 1Pet. 1:7; 1Pet. 4:2; 1Joh. 2:15-17; Jak 4:1-12; 2Kor. 10:3-6; Efes. 6:10-18.

Hierdie notas is aanvullend tot vorige notas vir Parashah 43 wat afgelaai kan word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182.

When you forgive, you in no way change the past, but you sure do change the future. – Bernard Meltzer.

The hardest arithmetic to master is that which enables us to count our blessings. – Eric Hoffer.

Failure is when one stops trying, not when one doesn't succeed – Anonymous.

You are not here merely to make a living. You are here in order to enable the world to live more amply, with greater vision, with a finer spirit of hope and achievement. You are here to enrich the world, and you impoverish yourself if you forget the errand – Woodrow Wilson.

Who you are tomorrow begins with what you do today – Tim Fargo.

Obedience is the crown and honour of all virtue. – Martin Luther.

Spiritual maturity is reached when obedience to God and His word becomes a joy. – Jesse Yoder.

[1] Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

Life can only be understood backwards; but it must be lived forwards. – Soren Kierkegaard.

Torahbespreking

Hersiening

Hierdie laaste Torahskriflesing van die boek van Numeri (*B'midbar*) is 'n herinnering van die veertig jaar van Yisra'el se wildernistog. Daarom is *Masei*, wat reistogte beteken, die naam van hierdie laaste Torahskriflesing. Yisra'el het by hulle laaste kampterrein aangekom voordat hulle oor die Yardenrivier gaan trek om Kana'an in besit te neem.

> Hulle het by die Yarden, van Beit-Yeshimot af tot by Avel-HaSheetim, in die vlaktes van Mo'av gekamp. Num. 33:49.

Die laaste instruksies, onderrig en voorbereiding sal nog onder die toesig van Mosheh gedoen word voor hy sterf en Y'hoshua by hom oorneem om Yisra'el deur die Yarden te neem en om Kana'an in besit te neem.

Die tyd wat יהוה-God die "naelstring" gaan knip en Yisra'el in selfstandige afhanklikheid van God in Kana'an as 'n afgesonderde volk volgens Torah sal moet lewe, is vinnig besig om nader te kom!

Reistogte: Yisra'el en Ons

Yisra'el was gedurende hulle swerftog in die wildernis voortdurend aan die beweeg – altesaam 42 keer. Moshe het volgens die opdrag van יהוה die aanvangsplekke van hulle reise opgeskryf (Num. 33:2).

Yisra'el se reistog het by Ram'ses in Mitzrayim begin.

> hulle het vanaf Ram'ses vertrek in die eerste maand, op die vyftiende dag van die eerste maand, op die dag ná die Pesag het die seuns van Yisra'el vrymoediglik voor die oë van al die Mitzrayimiete uitgetrek. Num. 33:3.

Mitzrayim beteken "onderdruk, bedruk maak en beswaar" (Hitchcock's Bible Names), terwyl Ram'ses beteken "kind van die son" (Brown Driver Briggs' Hebrew Definitions) en verwys dus na Ra die Mitzrayimitiese songod.

Mitzrayim is dus 'n sinnebeeld van fisiese en geestelike gevangenskap. Yisra'el was dus van die fisiese slawegevangenis bevry, asook van die geestelike gevangenskap van afgodery om die God van Avraham, Yitz'gak en Ya'akov te gaan dien in die beloofde land, Kana'an.

Ons weet ook dat Pesag 'n sinnebeeld is van Yeshua die Pesaglam en dus van wedergeboorte. Yisra'el het geglo dat die geslagde lam en die bloed daarvan hulle verlossing van die slawejuk van Mitzrayim sal wees en daarom was dit vir hulle 'n nuwe begin. As te ware is Yisra'el op daardie dag 'weer gebore' as 'n bevryde volk, en was die dag na Pesag dus die eerste dag van hulle reis na die Beloofde Land.

Ons kan dus duidelik die ooreenkoms sien met elkeen wat vertrou dat Yeshua die Lam van יהוה is? Wedergeboorte deur vertroue in Yeshua as dié Gesalfde Een, is dus die bevryding van die slawejuk van sonde, asook van die dien van vals gode! Dit is die begin van elkeen se geloofsreis na die Beloofde Land!

Maar ons word ook daaraan herinner dat Yisra'el die eerste keer vanaf Ram'ses tot by Sukkot getrek het en daarna 41 keer wat hulle opgepak en saam met die wolk tot by hulle volgende bestemming getrek het. Elk van die staanplekke se naam verwys na die gebeure en beproewinge op hulle tog na Kana'an. Hierdie gebeure en beproewinge is ook 'n aanduiding van wat ons elkeen kan verwag op ons swerftog na ons beloofde geestelike erfenis in Yeshua ons Meester.

Hoewel Yisra'el יהוה se wolk van Gemanifisteerde Teenwoordigheid gevolg het en dit hulle bedags bedek het, was hulle wildernistog nie maklik gewees nie. Net so sal ons geloofslewe as studentevolgelinge van Yeshua ook gebeure en ontberings bevat wat ons op verskillende wyses sal beproef.

Life is not the way it's supposed to be. It's the way it is. The way we cope with it is what makes the difference – Anonymous.

Vader se Torah, veral hoe dit in Yeshua vervolmaak is, leer ons egter hoe om alle omstandighede wat oor ons lewenspad kom te hanteer en te oorwin deur Hom wat ons lief het!

> **31** Wat sal ons daarom van hierdie dinge sê? As God vír ons is, wie is teen ons?
> **32** As Hy selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom, in plaas van ons almal, oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ook vir ons alles gee nie?
> **33** Wie sal beskuldigings inbring teen dié wat God gekies het? God verklaar onskuldig.
> **34** Wie is dit wat veroordeel? dié Gesalfde Een is Hy wat gesterf het, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterkant van God is, wat ook vir ons onthalwe intree.
> **35** Wat sal my skei van die liefde van dié Gesalfde Een: lyding, gevangenskap, vervolging, hongersnood, naaktheid, gevaar of die swaard?
> **36** Soos geskrywe is: "Om U ontwil word ons die hele dag lank doodgemaak, ons is gereken as skape vir die slagting."
> **37** In al hierdie dinge oorwin ons egter, deur Hom wat ons lief het,
> **38** want ek is oortuig daarvan dat geen dood of lewe of engel of outoriteit of leërmag of dinge wat nou bestaan of dinge wat sal kom
> **39** of hoogte of diepte of enige ander skepsel in staat is om my af te sny van die liefde van God, wat daar in ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, is nie. Rom. 8:31-37

Die teëstander sal poog om te steel en te slag en te verwoes, maar wanneer ons in alle opsigte aan Vader-God se onderrig en instruksies gehoorsaam is, sal ons 'n oorwinnaarslewe in Yeshua deelagtig wees (Joh. 10:10; Jak. 4:7).

'n Torahgehoorsame geloofswandel is veral nie maklik nie, want dit veroorsaak dikwels konflik met geliefdes en vriende. Soos daar in toenemende gehoorsaamheid aan יהוה se onderig en instruksies gelewe word, ontstaan omstandighede waar 'n keuse gemaak moet word tussen eie belange en begeertes en dit wat Vader-God van elkeen verwag. Dit vereis 'n sterwe van die eie-ek (van selfisme). Maar die loon is groot vir die wat getrou is en wat die wêreldse begeertes en selfisme oorwin het. Ons sal uiteindelik oorwin wanneer ons die opdragte van God nakom en deur ons getuienis van Yeshua!

> Die draak was woedend vir die vrou en hy het gegaan om oorlog te voer teen haar en dié wat oorgebly het van haar Seun, dié wat die opdragte van God nakom en die getuienis van Yeshua vashou. Open. 12:17.

Gedurende ons geloofswandel gaan ons ook soos Yisra'el van ouds by 'n 'plek' aankom waar ons beproef gaan word. Elke plek moet egter net die aanvangsplek wees vir ons verdere reis na die "Beloofde Land". By elke plek wat ons aandoen moet ons onthou:

The past is your lesson and the present is your gift, but the future is your motivation!

Maar dan is dit ook ewe belangrik om te besef dat *we cannot live on yesterday's glory*! Nee, want:

The thought of what has already been accomplished can be the death of that which is still to be accomplished!

Soos Yisra'el nie staties op een plek kon bly nie, maar voortdurende gereed moes wees om saam met die wolk aan te beweeg, so kan ons nooit bekostig om in ons geloofswandel tevrede te wees met waar ons is nie. Ons passie (ywer) om יהוה voortdurend te soek en in Yeshua te volg mag nooit verflou nie. Soos ons geleer het moet ons elke dag lewe met die Geesgedrewe ywer van Pingas (Parashah 41)!!

Op ons aardse reis moet ons egter altyd onthou dat ons vreemdelinge en bywoners is (Heb. 11:13; 1Pet. 2:11). Ons tree op as gesante van Yeshua (2Kor. 5:20) en daarom moet ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig en in afgesonderdheid groei uit respekvolle vrees vir God (2Kor. 7:1).

Op ons wildernistog moet ons ook deur die 'wolk' van die Afgesonderde Gees gelei word (Rom. 8:1 en 4; Gal. 5:16 en 17; Efes. 4:1-3).

Laat ons elkeen se getuienis ook die volgende wees:

> Ek het die goeie geveg baklei, my resies voltooi en my vertroue behou. 2Tim. 4:7.
>
> As gevolg hiervan, laat ook ons, wat so 'n groot wolk van getuies rondom ons het, elke las en die sonde wat altyd gereed is vir ons, afgooi en met aanhoudende geduld die resies hardloop wat voor ons lê Heb. 12:1.

Bepeins of Bespreek

1. Die 41 reistogte in die wildernis moet dus gesien word as die proses om Mitzrayim uit Yisra'el te kry en uiteindelik totale vryheid in Kana'an deelagtig te wees. Elke reistog kan gesien word as 'n sinnebeeld van 'n beproewing en 'n bevryding om uiteindelik Kana'an in besit te neem. Sien jy ook die ooreenkoms met jou eie geloofswandel? Lees 2Tim. 2:15 en 3:16-17 in die verband. By watter 'plekke' het jy al in jou geloofsreis aangekom? Was elke van hierdie plekke die aanvangsplek vir jou verdere reis?

Die Grense Van Kana'an En Die Verdeling Van Grond

Elk van die twaalf stamme van Yisra'el het hulle toedeling van grond ontvang.

> "Gee bevel aan die seuns van Yisra'el en sê vir hulle: 'Wanneer julle in die land Kena'an kom, sal dit die land wees wat aan julle as erfenis sal toeval; die land Kena'an, volgens sy grense. Num. 34:2

Die stamme van Re'uven en Gad, asook die halwe stam van M'nasheh het reeds aanspraak gemaak op die grondgebied Oos van die Yarden (Num. 32:33). Die Leviete sou nie enige grondgebied ontvang nie, want dit was nie nodig vir hulle om te plant en te oes nie, aangesien

hulle tiendes van die volk ontvang het. Daar is wel stede aan hulle toegeken met die omliggende weiveld vir hulle kuddes.

Die res van die grondgebied moes deur Y'hoshua en El'azar by wyse van die lot verdeel word (Num. 34:19-29).

Die vraag is egter wat van die vreemdelinge, want soos ons in Ex. 12:38 lees, het 'n menigte van mense met gemengde bloed ook saam met Yisra'el uit Mitzrayim getrek? Hierdie vreemdelinge het mettertyd by die twaalf stamme van Yisra'el aangesluit. Hulle het dus ook vertrou in die God van Avraham, Yitz'gak en Ya'akov en het ook saam met Yisra'el by Sinai gestaan en יהוה se Torah ontvang om daarvolgens te lewe.

Hierdie "nie-Jode" is die na wie Sha'ul verwys as die wilde olyftak wat op die mak olyfboom ingeënt is:

> **17** As sommige van die takke afgesny is en jy wat 'n wilde olyfboom is, in hulle plek ingeënt is en deel gekry het aan die wortel en die vettigheid van die olyfboom,
> **18** moet jou dan nie teen die takke verhoog nie en as jy jou verhoog; dit is nie jy wat die wortel dra nie, maar die wortel vir jou! Rom. 11:17-18.

Daarom het die Nuwe Yerushalayim slegs twaalf poorte wat vernoem is na die twaalf stamme van Yisra'el (Open. 21:12). Daar is nie 'n poort vir die Christendom nie of vir die nie-Jood (vreemdeling) nie! Hierdie is voldoende bewys dat Vervangingsteologie (*Replacement Theology*) wat leer dat die kerk Yisra'el vervang het, 'n ernstige misleiding is!!

Die Y'hoshua Generasie

Die Y'hoshua-generasie het aanvanklik gehoor gegee aan יהוה se opdrag. Hulle het Kana'an in besit geneem en יהוה se Torahkoninkryk daar gevestig. Latere generasies het egter afgewyk van Torahgehoorsaamheid en ook ander gode begin dien en die gevolge was omvangryk!

Presies dieselfde het sowat 1400 jaar later gebeur. Die gemeente van Handelinge het onder die leiding van die apostels יהוה se Koninkryk van vergifnis van sonde in Yeshua, dié Gesalfde Een verkondig en die herstel van Torahgehoorsaamheid in gemeentes gevestig. Aanvanklik het hulle die grondgebied van die valse leringe van die Fariseërs en Saduseërs, asook die grondgebied van afgodery in die Naam van Yeshua in besit geneem. Die apostels het uitgegaan en in elke plek die goeie boodskap verkondig en ons Meester het hulle gehelp en die boodskap bevestig deur die tekens wat hulle gedoen het (Mark. 16:20).

Maar soos Yisra'el van ouds het die nageslagte van Yisra'el van die nuwe verbond ook geestelik begin hoereer tot die mate dat hulle יהוה se Torah verwerp het.

Die Y'hoshua-generasie het verdwyn! Waar is die generasie wat bereid is om יהוה se Torahkoninkryk te vestig deur die vyand se grondgebied in besit te neem? Waar is die bereidwilligheid om selfs die poorte van die hel te bestorm indien dit van ons gevra word?

Selfs ons wat teruggekeer het tot Torahgehoorsaamheid in Yeshua moet herinner word dat ons in 'n oorlog betrokke is. Soos Sha'ul dit duidelik stel:

> **10**Wees daarom, my broers, versterk in ons Meester en in die grootheid van Sy krag.
> **11**Trek al die wapenrusting van God aan sodat julle in staat is om staande te kan bly teen die strategieë van die teëstander,
> **12**want julle geveg is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die heersers, teen die outoriteite, teen die heersers van hierdie wêreld van duisternis en teen bose geeste onder die hemel. Efes. 6:10-12.

Ons behaal nie die oorwinning vanuit ons gemakstoele nie! Trek die wapenrusting (Ef. 6:10-20 – die priesterlike uitrusting van die Malki-Tzedek priesterorde aan en gaan na die oorlogsfront onder die bevel van Yeshua!

Bepeins of Bespreek

1. Hoe gaan jy en ek weet by watter stam ons hoort? Is dit iets wat ons reeds nou kan weet of gaan dit eers aan ons openbaar word wanneer ons elkeen voor die regterstoel sal staan om ons loon te ontvang?

2. Een van ons grootste probleme is juis die feit dat ons vermaak en gemaksug kies eerder as om Yeshua se opdrag in Matt. 28:18-20 uit te voer? A.W. Tozer beskryf hierdie probleem soos volg:

   The Anathema of Entertainment

   In our day we must be dramatic about everything. We don´t want God to work unless He can make a theatrical production of it. We want Him to come dressed in costumes with a beard and with a staff. We want Him to play a part according to our ideas. Some of us even demand that He provide a colourful setting and fireworks as well!

   Then there are some among us these days who have to depend upon truckloads of gadgets to get their religion going, and I am tempted to ask: What will they do when they don´t have the help of the trappings and gadgets? The truck can´t come along where they are going!

   For there are millions who cannot live without amusement; life without some form of entertainment for them is simply intolerable; they look forward to the blessed relief afforded by professional entertainers and other forms of psychological narcotics as a dope addict looks to his daily shot of heroin. Without them they could not summon courage to face existence.

   We now demand glamour and fast flowing dramatic action. A generation of Christians reared among push buttons and automatic-machines are impatient of slower and less direct methods of reaching their goals. We have been trying to apply machine-age methods to our relations with God. We read our chapter, have our short devotions and rush away, hoping to make up for our deep inward bankruptcy by attending another gospel meeting or listening to another thrilling story told by a religious adventurer lately returned from afar.

   The tragic results of this spirit are all about us: shallow loves, hollow religious philosophies, the preponderance of the element of fun in gospel meetings, the glorification of men, trust in religious externalities, quasi-religious fellowships, salesmanship methods, the mistaking of dynamic personality for the power of the Spirit. These, and such as these, are the symptoms of an evil disease, a deep and serious malady of the soul.

   Is ons nie ook hieraan skuldig nie? Onthou Yeshua se opdrag is *gaan dan heen....!* Die opdrag behels veel meer as om by die huis te sit en Torah te bestudeer en een keer per week ‘n Torah studiegroep of Shabbatbyeenkoms by te woon!

3. Die volgende kort video van Paul Washer is die moeite werd om te kyk en om perspektief te kry oor wat ons roeping vereis. www.youtube.com/watch?v=Cln0CI_-a7M

Chazak! Chazak! Venischazeik!
Wees sterk, wees sterk en mag ons versterk word.

-o-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.